

Wanneer my hoogmoed in ootmoed verander.

Teks: Miga 6: 1 - 16

Teksvers: Miga 6: 8

1. Inleiding

Vanoggend wil ons bietjie dieper in sny in die lewenstyl van 'n opregte gelowige. Wat is die lewenstyl en lewens uitkyk van 'n opregte gelowige? Laas week na die afloop van vroue dag, is ons weereens gebombardeer deur deur die feministe se krete oor gelykheid en die regte van vroue. Iets wat nie uit plek is in ons samelewing met sy sterk klem op menseregte nie. Maar hoe beïnvloed dit my geloofslewe en later ook my hele lewenstyl?

Natuurlik is ons as gemeenskap van gelowiges uitgesproke teen geslagsgebaseerde geweld. Geregtigheid is juis ook een van die hoof tema's in vanoggend se prediking. En die uitbuiting van iemand swakker kan tog nooit gesien word as geregtigheid nie. Al word hierdie saak ironies gereeld geopper in 'n samelewing waar almal as gelyk gesien wil word.

Maar wat het in die Ou Testament met die volk van die Here gebeur? Ons fokus vandag op die profeet Miga. Miga is 'n profeet wat sterk gewortel was in tradisie van die profeet wat Jesaja ook nagevolg het. Hy behoort tot die klassieke beweging van die agste eeu vC. Gedurende hierdie tyd het God besluit om in die geskiedenis van Israel in te gryp deur profete. Want die lewenswyse van die mense was nie tot eer van die Here nie.

Uit die profesie van Miga, gaan ons dan fokus op hoofstuk 6:8. Dit is die gewildste vers uit die boek Miga, en is selfs hoog op die lys van gewildste verse uit die Bybel as geheel. Wat hierdie vers deur die geskiedenis so gewild gemaak het. Is die kompakte, eenvoudige manier waarop dit vir ons die gelowige se lewensuitkyk beskryf.

Daar is veral drie hoofpunte in wat hierdie vers leer, naamlik geregtigheid, liefde en ootmoed. Ons gaan hulle onderskeidelik as hoofpunte in hierdie prediking ondersoek. Kom ons luister na die profeet Miga.

2. Geregtigheid

Geregtigheid is iets waarvoor gereeld rondom ons in 'n samelewing gepleit word. Maar verstaan die moderne mens werklik nog wat geregtigheid is? Of is ons net selfgesentreer tot ons eie voordeel. Die probleem is dat geregtigheid soos baie ander sake gesien word as iets wat intern tot my leef. Iets wat ek eenvoudig kan en moet manipuleer tot my eie voordeel. Maar uiteindelik is dit nie waarvan vers 8 praat in die woorde om reg te laat geskied nie.

Hierdie geregtigheid is nie iets objektief waarvoor ek self besluit nie. Daar is 'n eksterne maatstaf waarmee geregtigheid gemeet word. God die Vader lê duidelik van die begin van die skepping af duidelike verordeninge neer. Die mens word dan opgeroep om hierdie verordeninge te gehoorsaam, en so te leef dat ander dit ook gehoorsaam. Nie soos hier in Miga hoofstuk 6, waar mense duidelik die geboorte van die Here oortree nie. En by nadere ondersoek die geboorte op die tweede tafel van die wet, wat liefde tot my naaste eis.

Ons sien byvoorbeeld in vers 11 hoe daar geen respek vir die agste gebod is nie. En dan in vers 12 sien ons dieselfde in verband met die 6de en die 9de gebod. Die mense in die agste eeu voor Christus waaraan Miga skryf, tree nie geregtig voor die Here op omdat hulle mekaar te na kom, uitbuit en bedrieg. Daarom het ons hierdie diep pleidooi van Miga in ons teksvers. Want uiteindelik weerklink die

boodskap uit 1 Samuel 15 ook hier:
22Maar Samuel antwoord: “Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.

Tog sien ons in vers 6 en 7 dat die mens so diep in hierdie ongeregtigheid vasgevang is, dat hy/sy selfs die Here wil omkoop en paai met die offers. Of dink die mens werklik dat dit brandoffers en diereoffers kan vergoed vir sy ongeregtigheid?

3. Liefde

Maar as ek werklik geregtig kan optree, sou dit my skuld voor die Here die almagtige kon uitwis. Daardie skuld wat selfs my eersgebore volgens vers 7 nie kan betaal nie. Die waarheid is dat ons met skande moet erken dat ons deel is van die ganse mensdom. Die mensdom waarvan Rom 3:11 sê: “¹¹Daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie.”

Want die woord wat vir die liefde in vers 8 gebruik word in die oorspronklike teks, behels soveel meer as wat ons dink liefde is. Dit is die woord wat gebruik word om verbondsliefde te beskryf. Daardie verbondsliefde wat die Here vir Sy uitverkore kinders het. En dit is uiteindelik juis die verbond wat die situasie soos aangehaal uit Rom 3 veroorsaak. Want die mens kan nou maar net die sy verbondsverpligtinge nakom nie.

Ons dink dit is liefde om brandoffers en diereoffers te bring. Om maar net 'n prys te betaal. Maar ware verbondsliefde is soveel meer. Dit beteken om jouself te gee, jou alles, uiteindelik selfs jou lewe. Maar omdat selfs ons lewe nie genoeg was om die skuld vir ons ongeregtigheid te betaal nie, gee die Vader Sy Seun. Ons Here Jesus Christus word die eersgebore wat geoffer word as betaling vir ons ongeregtigheid. En omdat Hy heeltemal

sondevry is, is heirdie betaling genoeg, dat ons geregtig voor God gereken kan word.

Dit is uiteindelik die toppunt van verbondsliefde. Daar waar die Vader nie net Sy kant van die verbond nakom nie, maar ook ons kant. Nou is die opdrag aan ons as gelowiges om ook hierdie diep verbondsliefde teenoor mekaar uit te leef. Miskien is dit juis hier waar die teksvers so eenvoudig lyk, maar nie so maklik is om uit te leef nie. Want om liefde en trou teenoor myself te bewys is mos maklik, dit kom amper van nature. Maar om dit ook aan ander te bewys is nie altyd so maklik nie.

4. Ootmoed

Dit bring ons uiteindelik by die saak van ootmoed, soos so mooi deur die Ou Vertaling vertaal word. Want om dit bloot met nederigheid te vertaal is nie heeltemal korrek nie, ook bedagsaam laat nie heeltemal reg geskied aan hierdie idee nie. Die woord wat hier gebruik word kom in sy spesifieke vorm net hier in die bybel voor in die oorspronklike teks. Maar dit het so 'n diep betekenis.

Eerstens behels dit om die fokus en roem heeltemal van myself af te haal. Dit het eintlik al deurgeskemer in die vorige hoofpunte. Want geregtigheid word gewoonlik gekrenk deur iemand wat belangrik is in sy eie oë. Want glo dat hy/sy eintlik meer spesiaal as ander hanteer moet word. Wat glo dat daar mos uitsonderings bestaan vir sy geslag, ras, taal, volk of posisie. Daarom kan werklike geregtigheid net uit 'n ootmoedige benadering tot die lewe gebore word.

Tweedens is dit ook waar liefde bewys kan word. Wanneer ek myself as meer belangrik ag. Wanneer ek snobisties afkyk op ander rondom my, dan is dit moeilik om ware liefde aan hulle te bewys. Maar wanneer ek besef dat alles wat ek is, en het net genade van die Here alleen is, dan verander dinge. Wanneer ek besef dat

eintlik saam met ander net aan die ontvang kant van die Here se liefde is, dan verander uitkyk.

Ootmoedig beteken om heeltemal leeg te word van jou eie roem en eer, en vol te word van dankbaarheid oor die Here se genade. Dit is uiteindelik 'n selfs groter antoniem of kontras teenoor hoogmoed, as wat die term nederig sou wees. Dit is uiteindelik die plek waar ek ten volle bewus is van my kleinheid in die teenwoordigheid van God se grootheid.

Laastens roep die teks ons op om te wandel in hierdie ootmoed. Dit is nie maar 'n spesifieke plek of tyd in ons lewens waarby ons moet uitkom en dan weer verder gaan nie. Nee, om te wandel beteken om voortdurend in hierdie ootmoedige verhouding tot die Here te staan.

5. Slot

Ons kan vanoggend se preek afsluit met die praktiese toepassing van hierdie lewenstyl advies op ons lewens. Ons kan eerstens begin om aktief en passief geregtigheid te soek. Daar waar ons almal op 'n manier handeldryf, wat is my uiteindelijke mikpunt? Is ek voortdurend eintlik besig om my eie voordeel, ten koste van my naaste te soek. Dit is nie geregtigheid voor die Here nie. Vers 10 druk vir ons duidelik die gesindheid van die Here teenoor vals inhoudsmaat uit. Is dit waarmee ek meet in my lewe vals of akkuraat.

Tweedens het die wêreld om my en jou vandag liefde nodig. En ons praat nie van 'n wedersydse romantiese liefde wat 'n verliefde paartjie aan mekaar bewys nie. Nee, hier praat ons van daardie hardheid wanneer liefde vyandig begroet word. Soos die Here, die sondaar mens wat Hom verloën so lief het dat Hy Sy enigebore Seun vir hom/haar offer. Net so moet ons vandag 'n samelewing, 'n wêreld lief hê wat dit nie verdien nie.

Die laaste saak, is daardie beginsel van ootmoed. Om nie eenvoudig my reg te laat geld nie, maar nederig die Here te dien. Om selfs in my donkerste worstelinge met geloof en die lewe te besef en te aanvaar dat die Here God is, en ek maar net 'n mens. Om geduldig en gehoorsaam te berus by die wil van die Here, in plaas van om myself te laat geld. Vandag waar mense so maklike deur 'n legio ideologie gekaap word, is ootmoed nie maklik nie, maar dit is uiteindelik die oproep wat die Here ook op lewens vandag plaas.

Ons sluit af met met spreuke 16: 18-19: “¹⁸Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val. ¹⁹Liewer eenvoud saam met nederiges as om saam met hoogmoediges van roof te lewe.

Amen